**Hoërskool Oos-Moot**
HAARHOFFSTRAAT 1120, VILLIERIA, 0186
Telefoon: (012) 332-0601
E-pos: oosmoot@oos-moot.co.za
www.oos-moot.co.za

31 Oktober 2024

Geagte Oosie ouer/voog

**ONTWERP AS NUWE KEUSEVAK VIR 2025**

Ons is verheug om aan te kondig dat ons skool die geleentheid het om Ontwerp as 'n keusevak aan te bied vir ons 2025 graad 10-leerders. Die Departement van Onderwys het ons vandag in kennis gestel dat hierdie vak vanaf 2025 ingefaseer kan word, en 'n inligtingstuk oor die vak is hierby ingesluit.

Ons versoek dat u asseblief hierdie opsie so spoedig moontlik, verkieslik vanaand reeds, met u kind in graad 9 sal bespreek, aangesien ons reeds môre, 1 November, 'n opname in die graad 9-klasse sal doen om die belangstelling in Ontwerp as vak te bepaal. Hierdie opname is noodsaaklik vir die getalbepaling en die finale roosteropstelling vir 2025. *Let wel: Visuele Kuns en Ontwerp kan nie saam geneem word nie.*

Indien u kind belangstel om Ontwerp te neem, word u vriendelik versoek om voor of op 5 November 2024 'n e-pos te stuur na me. H van Staden (Adjunkhoof: Akademie) by vanstadenh@oos-moot.co.za. In hierdie e-pos moet asseblief aangedui word watter een van die keusevakke wat deur u kind vir 2025 gekies is, vervang moet word deur Ontwerp.

Ons waardeer u spoedige samewerking in hierdie verband sodat ons betyds die nodige reëlings kan tref.

Oos-Moot groete

H VAN STADEN
ADJUNKHOOF: AKADEMIE

# ONTWERP



Ontwerp is 'n kreatiewe probleemoplossingsproses en sluit die studie van sowel ontwerppraktyk as ontwerpteorie in.Die vak poog om leerders se kreatiwiteit en probleemoplossings- vaardighede te ontwikkel en te leer om buite-die-boks te dink.

**VOORVEREISTES**
Visuele Kuns is nie 'n voorvereiste nie, maar leerders MOET oor die volgende vaardighede beskik: goeie selfbestuur en stiptelikheid, netheid, analitiese denke en probleemoplossingsvaardighede. Die vak het 'n teoretiese en praktiese komponent.

Uiteraard moet leerders dit geniet om te teken en skeppend te wees aangesien twee derdes van die vak aan praktiese werk gewy word. Toonwaarde- tekeninge vorm ‘n integrale deel van die vak.

**AARD EN INOUD**
Ontwerp oor probleemoplossing en die skep van kuns volgens 'n kliënt se voorskrifte, behoeftes en smaak (dus minder oor gevoel, maar meer gestruktureerd en professioneel).

Ontwerp sluit 4 dissiplines in:

- Visuele Kommunikasie: logo's, advertensies, plakkate, ens.
- Omgewingskuns: argitektuur, landskapsargitektuur
- 2-D: Ontwerp tekstiel- en modeontwerp, oppervlakpatrone.
- 3-D: produkontwerp, meubelsontwerp

Die gewigstoekenning van die assessering van die praktiese en teoretiese komponente is 60%: 40%.

**VAKWAARDE EN IMPAK**
Ontwerp poog om leerders se kreatiwiteit en probleemoplossingsvaardighede te ontwikkel en te leer om buite-die-boks te dink. Leerders word voorberei op werklike beroepe met streng sperdatums in ‘n hoëdruk werksomgewing.
Dit moedig die leerders ook aan om vindingryk en ondernemend te wees, om strategies te dink en om, uiteindelik, spanspelers te wees.

**BEROEPSMOONTLIKHEDE**
In visuele kommunikasie/inligtingsontwerp, bv. animasie en digitale ontwerp, webbladontwerp, film- en televisiebedryf, visuele voorraadverkope en soveel meer.

**STUDIERIGTINGS**
Visuele kuns, grafiese ontwerp, advertensiewese, illustrasie, mode-ontwerp, juweliersware-ontwerp, meubelontwerp, fotografie, tekstielontwerp, binnenshuise versiering, argitektuur ensovoorts.

**UNIVERSITEITE**
Daar is verskeie tersiêre instansies waar leerlinge kreatiewe beroepe kan studeer

Universiteit van Pretoria, Universiteit van Stellenbosch, Inscape Design College, Cape Town Creative Academy, STADIO, Vega en vele meer.

**ANDER INLIGTING**
Vereis die aankope van verskeie mediums insluitend grafietpotlode, verf, waterverf ens. Aankope van ander gereedskap wat benodig sal word soos kwasse, stencils , ens. Deelname aan die jaarlikse ontwerpuitstalling.

"Design is thinking made visual ."

